

Wat is die morele basis van die onderskeie vryheidsinisiatiewe van die blanke Christenvolk aan die suidpunt van Afrika ter verwesenliking van ons gemeenskaplike ideaal?

Deur Andries Breytenbach

10 Oktober 2015

Gemeenskaplike ideaal: die strewe om onself in ons eie land te regeer.

Vryheidsinisiatiewe van die blanke Christenvolk: hoogstens 'n deel van die Afrikanervolk, soos onderskeie van andertalige blankes wat hulleself nie as Afrikaners beskou nie maar dieselfde strewe deel, asook ander volke wat 'n soortgelyke strewe het. Hulle morele basis verskil wsk van ons s'n.

Morele Basis:

Moraal. *Voorstelling van wat goed en sleg is; sedelike beginsels.* ^[1]

Moreel: *b.nw. en bw. Wat betrekking het op die gevoel vir wat goed en reg is; sedelik.* ^[2]

Sede: *Gewoonte, gebruik, gedrag wat onder 'n bepaalde groep as goed en normaal beskou word.* ^[3]

Sonde: *Oortreding van die wet van God of die morele wette; kwaad, ongeregtheid.* ^[4]

Wat is die morele basis? Verwys dus na die *reg* en *verkeerd* ten opsigte van ons volksbestaan in die oë van God, soos in Sy Woord geopenbaar, en in die oë van ons volk, synde 'n Christenvolk, en wat selfs universele aanvaarding geniet.

Anders gestel: Op grond waarvan beskou ons dit as goed en reg (in ooreenstemming met Gods wil) om ons vir vryheid te beywer...?

Wanneer 'n mens of 'n volk oortuik is dat sy optrede moreel reg is, verleen dit aan hom besondere geestelike krag. Voorbeelde: Die Groot Trek, Vryheidsoorloë, meer onlangse oorlog in Angola...

Kultuuropdrag en wet van God :

God het aan die mens die opdrag gegee om die aarde te vul, te onderwerp en te beheers. Aan hierdie opdrag moet uitvoering gegee word in gehoorsaamheid aan die Woord van God en sy allesdekkende wet soos dit geldend is op alle terreine van die lewe."

Mense bestaan egter nie as individue nie, maar in natuurlike verbande van gesin, familie en volk. Die bestaan van volke en nasies is immers ook 'n beskikking van God — taalverwarring.

Dit was die God van die Bybel wat groepe mense wat eiesoortig is in hulle identiteit geskei het om afsonderlik te moet leef.

Gen 11:8 So het die HERE hulle dan daarvandaan oor die hele aarde verstrooi; en hulle het opgehou om die stad te bou.

Gen 10:5 uit hulle het verdeeld geraak die kuslande van die nasies, in hulle lande, elkeen na sy taal, volgens hulle geslagte, in hulle nasies.

Gen 10:20 Dit was die seuns van Gam volgens hulle geslagte, na hulle tale, in hulle lande, in hulle nasies.

Gen 10:25 En vir Heber is twee seuns gebore; die naam van die een was Peleg, want in sy dae het die aardbewoners verdeeld geraak;

Gen 10:31 Dit is die seuns van Sem volgens hulle geslagte, na hulle tale, in hulle lande, volgens hulle nasies.

Hand 17:26 En Hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het.

Hoofdoel van die mens in al sy verbande: die eer van God (1e bede vd Onse Vader; 1e tafel vd 10 gebooie).

Ons glo dat volke net hul volle potensiaal kan uitleef, hulleself kan verwesenlik en aan God se bedoeling kan beantwoord wanneer hulle vry is om ooreenkomstig hul unieke aard, geloof en karakter te handel. Daarom lees ons dat in die nuwe bedeling, wanneer die skepping herstel word, die volke daarin sal voortbestaan. "*En hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God*" ens. (Openb 21).

In 'n geïntegreerde samelewing is die onchristelike en antichristelike invloed eenvoudig so veel en so sterk dat 'n klein volk soos die Afrikanervolk op die lange duur nie daarteen kan standhou nie. (taalvertrapping, Afrikanerkinders na Engelse skole, "aanpassing" van norme en waardes).

Bybelse perspektief: "Laat my volk trek, **dat hulle My kan dien**". En eers wanneer hulle onder die Egiptiese gesag uit is, stel God die tabernakel en tempeldiens in en gee sy wet sodat hulle Hom sal dien soos Hy gedien wil word. Hy verbied hulle ook om met die omliggende volkere te vermeng sodat hulle nie deur daardie volke se heidense denke en afgodery gekontamineer sal word nie. Uit sy wet leer hulle wat reg en verkeerd is - dws word hulle moraliteit gevorm. Dit verskil van die buurvolke s'n, wat nie Gods wet het nie.

Wat die ontstaan en strewe van ons eie volk betref, het een geskiedskrywer soos volg geskryf:

"Soos 'n kind wat sy ryper jeug bereik en na selfstandigheid smag, so het die groeiende jong Afrikanervolk begin hunker na die regte, voorregte, pligte, verantwoordelikhede en vryhede waarna elke selfstandige volk soek."

Van toe af het ons wording as volk en ons strewe om vry te wees van vreemde oorheersing en die pogings van vreemde magte, veral Brittanje en die Geldmagnate om ons te onderwerp, die sentrale tema van Suid-Afrika se geskiedenis geword wat die geskiedenis oorheers.

Elke volk op aarde besluit self wat vir hom reg en verkeerd is en orden sy regstelsel en maatskaplike orde daarvolgens, en toe ons lewensbeskouing en opvattinge in botsing gekom het met dié van die Britte, het ons voorouers die land verlaat om elders 'n vaderland te soek waar hulle volgens hulle oortuigings kon lewe. Die besluit is nie ligtelik geneem nie.

Retief-manifes: "ons is begerig dat hulle (hul landgenote) en die hele wêreld moet glo dat ons nie in staat is om heilige bande te verbreek wat 'n Christen aan sy geboortegrond bind, sonder baie grondige redes nie"

Lydenburgse Goewerment, 1860:

"Ons is die volk wat met opoffering van al sy besittings en met so baie sorg en bekommernis, werksaam was en nog is, om net soos u en ons voorgeslagte en alle Europese nasies voor ons gedoen het, 'n eie land te verkry en 'n eie regeringsvorm op te bou, **met die doel om ons daardeur vry te hou van alle wette en gewoontes van ander nasies, wat in stryd is met ons gewete en nasionaal gevoel en wat onbehoorlik in ons oë is.**"

Hier het hulle ontwikkel tot 'n volk met 'n bepaalde taal, geskiedenis, Bybelse geloof, afkoms, tradisie, eie waardes, kultuur, vaderland, eie identiteit en etiese bewussyn, wat hom van alle ander volke op aarde onderskei.

Ons begrip van reg en verkeerd spruit uit ons geloof in God en ons verstaan van sy Woord, asook ons oorgeërfde Westers Protestantse godsdiens, kultuur en regsopvattinge. Derhalwe is die Boere-Afrikaner se gevoel vir moraliteit, vir wat reg en verkeerd is, gevorm deur 'n heilige eerbied vir die Skrif (die Bybel); en is die gesag van die Skrif vir haar altyd die hoogste outoriteit.

Dit is aan die beginsels, waardes en opdragte van die Skrif wat die Boere-Afrikaner volk haar gevoel vir reg en verkeerd toets en altyd wil toets, en waarvolgens sy alle morele waardes wil meet. Iets is net reg of verkeerd as dit volgens die Skrif reg of verkeerd sou wees

Die Boere-Afrikanervolk se Westerse herkoms, sy eiesoortige geskiedenis, sy geestelike waardes, norme en opvattinge trek 'n radikale verskil tussen dié volk en die Afrika-konglomerasie met sy andersoortige ontwikkelingsgeskiedenis en geestesagtergrond. Dit is daarom in ons oë verkeerd en ongeregig om ons volk in een konstitusionele bestel met ander volke of 'n konglomerasie van volke saam te dwing en aan hulle te onderwerp. Daarom *kán* ons nie en *wil* ons nie deel wees van 'n gemeenskaplike nasie met ander volke binne dieselfde grondgebied nie.

Volgens die algemene standaard van billikheid eis die Afrikanervolk dat dit ook vir ons gegun moet word om binne eie geografiese grense daaroor (wat vir nos reg en verkeerd is) te besluit en onself daarvolgens te regeer. Dis 'n natuurlike strewe wat in beginsel internasionaal erken word. Sien ICCPR art. 1.

Uniewording. Onder Britse gesag, is, met die Uniewording in 1910, Britse kolonies, die verowerde Boere-Republieke en gebiede van Swart volkere wat onder Britse gesag gestaan het, in een Unie saamgebondel. Opeenvolgende Afrikanerregerings het noodwendig die verkeerdheid daarvan beseft en het 'n beleid gevolg om die kunsmatige saamgeflanst spul te ontbondel deur die verskillende volkere na selfbeskikking in hul historiese landdele te herlei.

Grondwet en Demokrasie

God is gesag en Hy alleen hét gesag. Dit is totaal anders by die mens. Die mens beskik glad nie inherent oor gesag nie. Dit word aan hom toegedeel. Die koninklike gesag waarmee Adam bekleed is, het hy met die sondeval verwerp.

Die Here ken gesag toe aan 'n owerheid ter wille van orde (N.G.B. 36). Die owerheid regeer volgens bepaalde kultuurnorme wat volksbepaald is. Die begrip owerheid is dus primer volksgebonde.

Die woord demo – krasie sê letterlik volksgesag. Dit wil dus uitdruk dat die gesag in die volk lê. In die moderne staatkunde is die volksbegrip vervlak en verander na 'n gebied. Almal wat in 'n bepaalde gebied ingesluit word het sogenaamd demokratiese regte. Dit kan slegs werk in 'n gebied met 'n homogene volk. ("In die stem vd volk hoor ek die stem van God" – Pres. Kruger).

Grondwette is mensgemaakte wette. Dit is veronderstel om die karakter, lewensbeskouing ens vd volk vir wie dit geskryf is, te reflekteer en te beskerm.

As volk glo en bely ons die oppergesag van die drie-enige God as die Skepper, Onderhouer, Herskepper en Voleinder van alle dinge. Daarom moet die Grondwet van die Boere-Afrikanervolk se land die oppergesag van God erken, en moet die wette wat ons bestaan reguleer, op die grondslag van Gods Woord berus, en nie op 'n sekulêre Grondwet wat God en sy Woord misken nie. Slegs dan kan die volk se morele waardes erkenning en beskerming geniet op alle vlakke van die volkslewe. Onderwerping aan 'n Grondwet wat beginsels en norme daarstel en wette voortbring wat in stryd is met ons godsdienstige en morele opvattinge, is onreg, en uit Bybelse oogpunt gesien, sonde.

Geen Grondwet kan sulke verskille van ras, godsdiens, volke, ens. soos in SA akkommodeer sonder om een of almal daarvan te veronreg nie.

Die owerheid en alle ander gesagsdraers ontleen hul gesag aan God, nie aan die mens en sy liberale demokrasie nie. Daarom eis die Boere-Afrikanervolk om regeer te word deur 'n owerheid uit die volk gekies, en wat die Woord van God gehoorsaam, volgens sy wet regeer en die volk tot orde en gehoorsaamheid aan sy Woord lei.

Soos enige ander volk op aarde sy eie nageslag wil opvoed volgens sy eie oorlewering en kultuur, is dit ook die plig, begeerte en reg van die Boere-Afrikanervolk om ons kinders in die Christelike geloof en tradisies van ons volk op te voed in 'n staatkundige en maatskaplike milieu wat dit ondersteun. (Doopgelofte; 1938-gelofte).

As dit in die oë van die wêreld verkeerd is om 'n meerderheid aan die gesag van 'n minderheid te onderwerp, is dit ewe verkeerd om 'n getalkleiner volk aan 'n getalryker volk te onderwerp; trouens, getalle is nie hier ter sprake nie. Wat ter sprake is, is die verskille in morele opvattinge van die regerende en regeerde volkere.

Histories het ons 'n gevestigde reg op vryheid.

4. Die Boere-Afrikanervolk het sedert sy wording as volk regmatig 'n eie vaderland in Suid-Afrika verwerf deur leë grond te beset, grond van ander volke en stamme wat hulle hier te lande gevestig het, te koop en te ruil, en in enkele gevalle grond van sodanige volke en stamme deur wie hulle aangeval is, te verower. Op hierdie vaderlandse bodem het hulle onafhanklike Boererepublieke, en uiteindelik die Republiek van Suid-Afrika gevestig.

Op sy vaderland het die volk sy stempel afgedruk deur die vestiging van 'n Westerse-christelike beskawing met sy eiesoortige beskawingsprodukte soos die argitektuur, regstelsel, onderwys en opvoeding, gesondheidsdienste, ekonomie, finansies, mynbou, kommersiële landbou, industriële ontwikkeling en alle ander produkte wat dié beskawing kenmerk. Die Afrikaanse name van die plase, stede en plekke, riviere en berge, plante en diere in Suid-Afrika, die kerkgeboue in elke dorp en stad en die grafte van ons voorgeslagte in dié bodem is getuie van ons volk se besetting en ontwikkeling van 'n eie vaderland. Wat die 1838-gelofte betref, hét ons "'n huis tot sy eer gestig" toe ons as Christenvolk die Christendom en die kerk van Christus gevestig het oral waar die Voortrekkers hul land gevestig het. Die kerkgeboue in elke dorp en stad getuig daarvan. In ons tyd het veel daarvan verval en sal ons dit weer moet oprig.

Die voorgenoemde Republieke het 'n volwaardige plek in die internasionale galery van vrye volke beklee, waar hulle internasionale erkenning geniet het, 'n party was tot talle internasionale verdrae, oorloë gevoer het en diplomatieke en ekonomiese bande met ander state gehad het.^[1]

Die vryheid is ons op bedreiglike wyse ontnem:

Die grondwetvoorstelle wat uit die onderhandelinge voortgekom het, was só radikaal en immoreel dat De Klerk geweet het die volk sou dit nooit goedkeur nie. Gevolglik het hy nie sy belofte nagekom nie en eiemagtig voortgegaan. Sy Presidensiële eed om "*die Grondwet en alle ander reg van die Republiek (te) gehoorsaam, eerbiedig, handhaaf en onderhou*" het hy verbreek deur in stryd met die land se Grondwet, in November 1993 'n "Nasionale Oorgangsraad" te skep wat besluite van die Kabinet as hoogste Uitvoerende Gesag kon veto, en in Januarie 1994 'n kieswet deur te voer waardeur die stemreg in ons vaderland gegee is aan vreemdelinge wat histories nooit aanspraak daarop gehad het nie.

Daardeur is 'n gruwelike onreg teen ons volk gepleeg wat eis om reggestel te word.

Apartheid:

Soort soek soort. Ras is nie fiksie nie, dis werklikheid. Dit bring uiteraard eiesoortige eienskappe mee. Die wêreld aanvaar dat elke groep 'n eie nasie kan wees met sy eie morele waardesistees. Daarom erken elke regering die grense wat ander lande stel. en stel hulle self ook immers grense as 'n erkenning dat hulle wel andersoortig is as die volgende groep of nasie of volk. Hulle beskerm dit met jaloersheid deur duur

weermagte aan te hou. Die grense wat alle ander volke op aarde tussen hulle stel dien juis tot vrede en as 'n vermyding van onnodige konflik situasies.

Apartheid was nie 'n bose ideologie wat op 'n goeie dag aanvaar is met die doel om anderskleuriges te veronreg nie. Dis in werklikheid oor meer as drie eeue in ons land gevestig as die wysheid van baie geslagte wat die uitdagings van 'n donker vasteland moes trotseer. Afsonderlike ontwikkeling wat die klem op naasbestaan laat val, was uiteraard die enigste werkbare model wat rasse in vrede laat woon en misdaad effektief bekamp het.

Apartheid het buitelandse beleggers insette met vertroue laat lewer en ons land ekonomies welvarend gehou. Werk is verskaf en doeltreffende opleiding gebied wat 'n gelukkige samelewing verseker het.

Die alternatief vir apartheid was integrasie van volke in 'n eenheidstaat, soos ons dit vandag beleef. Die gevolge is nie net materiële agteruitgang nie, maar immoraliteit, perversiteit, verwerping van die gesag van Gods Woord en 'n skreiende aanranding van Gods eer. Die huidige bedeling is 'n manifestasie van die ryk van die antichris.

Slot:

Dit is Christene se plig om wetsbepalings wat teen Gods Woord indruis, te ignoreer — ongeag die gevolge. Ons moet opstaan vir God se eer.

Ons moet ons beywer om uit hierdie bedeling uit te skei soos wat die Trekkers van ouds gedoen het. Intussen moet ons op elke moontlike terrein selfstandig raak — onafhanklik van die Regering.

Ons moet ons mede-volksgenote wat nog deur die liberale propaganda verblind is, bereik en beïnvloed.

Die vyandige omgewing waarin ons ons bevind, verhoed ons nie om God se woord uit te dra en uit te leef nie, net soos die Christendom wat ook in 'n vyandige wêreld ontstaan en gegroei het.